higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 4

(11020274)

1 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

153Q1N2001

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Niegemotoriseerde vervoer sluit nie vervoer in wat deur ... aangedryf word nie.

A diere
B enjins
C batterye
D mense

1.2 Die regeringsverkrygingsproses word deur die ... bestuur.

A Wet op Openbare Finansiële Bestuur
B Nasionale Wet op Vervoer oor Land
C Wet op Seeverkeer
D Wet op Burgerlike Lugvaart

1.3 Die spoornetwerk is in primêre en ... netwerke verdeel.

A nasionale
B tersiêre
C ligte-digtheid
D sekondêre

1.4 Koste wat met die berging van goedere verband hou:

A Verkrygingskoste
B Produksiekoste
C Bergingskoste
D Vervoerkoste

1.5 ... is al die geld wat die organisasie tydens 'n bepaalde tydperk ontvang.

A Inkomste ('revenue')
B Inkomste ('income')
C Verdienste
D Wêreldwye transaksie

1.6 Verkope min koste van verkope is gelyk aan ...

A omset.
B netto wins.
C bruto wins.
D bruto inkomste.

Kopiereg voorbehou

1.7 Inkomste-item:

A Salarisse
B Verkope
C Telefoon
D Slegte skuld

1.8 'n Groep mense met eenderse belangstellings staan as ’n ... bekend.

A kluster ('cluster')
B logistieke kern
C pakhuis
D terminaal

1.9 Nie 'n nasionale lughawe nie:

A Nelspruit
B Kimberley
C Kaapstad
D Saldanha

1.10 Suid-Afrika se hoofuitvoeritem:

A Goud
B Brandstof
C Wetenskaplike instrumente
D Elektronika

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf

2.1 Die doel van die Wysigingswet op Oorgrenspadvervoer is om die toestaan van permitte verder te beheer.

2.2 Die WOFB ('PFMA') is daarop gerig om eenvormige norme en standaarde vir die tesourie in te stel.

2.3 Bieërs mag botte ('bids') per faks indien.

2.4 Die streekspadnetwerk word deur SANRAL bestuur.

2.5 'n Vervaardiger sit grondstowwe in afgewerkte goedere om.

2.6 Versekering is 'n voorbeeld van vaste koste.

2.7 Vragkoste sluit verpakking, paletstapeling ('palletising') en vervoerkoste in.

2.8 Indien koste verhoog sal winsgewendheid verminder.

2.9 Vragpersoneelvoorsieining verwys na die proses waarop vrag in 'n leë houer gelaai word.

2.10 'n Positiewe oomblik van waarheid beteken dat daar nie aan ’n klant se verwagtinge voldoen word nie.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

SPOORVERVOER GAAN TEEN 2050 DIE KERN VAN SUID-AFRIKAANSE VERVOERSTELSEL UITMAAK

Die Direkteur-Generaal van die Departement van Vervoer, Jan-David de Villiers, het aan afgevaardigdes wat die vervoerforum in Johannesburg bygewoon het, gesê dat die promulgasie van die konsepwitskrif die eerste keer is dat die regering in ongeveer 150 jaar oor die Suid-Afrikaanse spoorsektor leiding neem, en nie anders om nie.

Omdat spoorweë nie meer doeltreffend met ander vervoermetodes kan meeding nie, en nie in staat is om hul teikens in die nasionale vrag- en passasiersvervoer te bereik nie, het De Villiers gesê dat die Suid-Afrikaanse spoorwegsektor nie kompeterend is nie en dat die bedryf baie uitdagings beleef. Hy het gesê dat die Nasionale Spoorwegbeleid die situasie hopelik sal verander.

De Villiers het aangedui dat die beweging na spoorvervoer verskeie geleenthede inhou; wat verkeersopeenhoping sal verminder en veiligheid op die land se paaie sal verbeter. Dit hou ook omgewings- en ekonomiese voordele in.

Die rasionaal vir die besluit is om die spoorweë teen 2050 as die kern van Suid-Afrikaanse vervoerstelsel te posisioneer en om die VN se verbintenis om die emissie van kweekhuisgasse te verminder, te ondersteun.

Hy het gesê dat Suid-Afrikaanse spoorweë die veiligste, mees ekonomiese, omgewingsvriendelikste, finansieel en sosiaal mees haalbare logistieke en mobiliteitsoplossing sal bied.

Ten opsigte van spoorvrag, het De Villiers aangedui dat die huidige rolspelers, soos Transnet, slegs 'n klein gedeelte van die vragmark bedien.

Die klassieke oplossing hiervoor sal wees om spoorwegmededinging toe te laat, wat geleenthede van privaatsektordeelname vir derdepartybedieners sal skep.

[Bron: www.engineeringnews.co.za]

3.1.1 Noem TWEE redes uit die artikel waarom die Suid-Afrikaanse spoorwegsektor nie mededingend is nie. (2 × 2) (4)

3.1.2 Noem DRIE voordele wat Suid-Afrika daaruit sal kry om vrag per die spoor te vervoer. (3 × 2) (6)

3.1.3 Noem die onderneming in staatsbesit wat vir die spoorvervoerbeleid verantwoordelik is. (2)

3.2 Verduidelik VIER doeleindes van die spoorvervoerbeleid. (4 × 2) (8)

3.3 Verduidelik die doel van die verklaring van belange in die tenderdokument in detail. (4)

3.4 Noem DRIE items wat in die prysskedule voorkom. (3 × 2) (6)

3.5 Verduidelik die 90/10-verwysingspuntstelsel in 'n openbare verkrygingsstelsel. (2)
[32]

VRAAG 4

4.1 Definieer *vraglogistiekdeurgang* ('freight logistics corridor'). (2)

4.2 Noem VIER uitdagings wat maatskappye wat op intermodale vervoer afhanklik is, in die gesig staar. (4 × 2) (8)

4.3 Noem VYF kommersiële binnekomshawens in Suid-Afrika. (5)

4.4 Verduidelik elk van die volgende begrippe kortliks:

4.4.1 Inkomende-logistiekbestuur

4.4.2 Uitwaartse-logistiekbeheer

4.4.3 Terugwaartse logistiek

(3 × 2) (6)

4.5 Noem VIER aktiwiteite wat gewoonlik deur logistiekbestuurders beheer word. (4)

4.6 Noem TWEE voordele wat met inklusiewe kommunikasie deur geïntegreerde-logistiekbestuur bereik kan word. (2 × 2) (4)

4.7 Onderskei tussen *vaste* en *veranderlike* koste. (4)
[33]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem DRIE maniere waarop 'n maatskappy wins kan vermeerder. (3)

5.2 Gebruik die inligting hier onder om 'n inkomstestaat vir Chuene Logistiek vir die jaar geëindig 31 Desember 2019 op te stel.

	R
Verkope	800 000
Koste van verkope	200 000
Salarisse	80 000
Huur	50 000
Brandstof	90 000
Tolgeld	4 000
Herstelwerk	10 000

(10)

5.3 Verduidelik TWEE maniere waarop ’n maatskappy winsgewendheid kan verbeter in detail. (2 × 2) (4)

5.4 Noem DRIE voordele van ’n pakhuisbestuursplan. (3 × 2) (6)

5.5 Noem Suid-Afrika se DRIE belangrikste internasionale lughawes. (3)

5.6 Noem VIER funksies van verspreidingsmaatskappye. (4 × 2) (8)

[34]

VRAAG 6

6.1 Onderskei tussen *invoer* en *uitvoer*. (4)

6.2 Noem VIER lande wat aan Suid-Afrika grens. (4)

6.3 Noem VIER lande waarvandaan Suid-Afrika goedere invoer. (4)

6.4 Gee DRIE maniere waarop voertuigspoorstelsels ('vehicle tracking systems') produktiwiteit in 'n logiestiekmaatskappy kan verbeter. (3 × 1) (3)

6.5 Bespreek DRIE gereeldeklantkoppelvlakke (' frequent customer interfaces'). (3 × 2) (6)

6.6 Verduidelik DRIE instrumente wat gebruik kan word om terugvoering van klante te verkry. (3 × 2) (6)

6.7 Formuleer TWEE vrae vir die klantediensopname van 'n vraglogistiek-organisasie. (2 × 2) (4)

[31]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou